DIE HOËRSKOOL

# WONDERBOOM

*Nuusbrief*

GROEI en DIEN

28 JANUARIE 2022

## MATRIEKUITSLAE



Die klas van 2021 was soos die klas van 2020 ook gekonfronteer met `n ander tipe skoolmilieu. Die dag-tot-dag aktiwiteite van `n normale skooljaar was weereens op ys gesit en dié matriekklas het ook hulle kans gemis om voor te loop. Akademie was die enigste aktiwiteit wat beoefen kon word en daarom salueer ons die klas van 2021 vir hul pragtige prestasies.

Die Hoërskool Wonderboom behaal `n slaagsyfer van **97.4% met `n totaal van 138 onderskeidings. 74.1% van dié klas het toelating tot Baccalaureusstudies.** Armandt Erasmus (bo) word aangewys as ons Top Kandidaat vir 2021. Armandt spog met 6 onderskeidings en `n gemiddeld van 86%. Die Department van Onderwys het Die Hoërskool Wonderboom persoonlik bedank en geluk gewens met die prag uitslae binne sulke moeilike omstandighede. **Matrieks 2021:** Baie dankie vir julle harde werk! Ons wens julle alle sterkte toe met julle toekomsplanne.

## INHOUD


ATLETIEK NUUS
KLASROOSTER
ONNIE TROTS
AFLOS ONNIE
SWEMOEFENING
KOOR
E-SPORT
LOURIERAAND
INSAMELING

# ATLETIEK: MASSABYEENKOMS UITSLAE

Na afloop van Vrydag, 21 Januarie, se massa-atletiekbyeenkoms spog die Wonnies met **83 medaljes** in totaal (26 goue-, 33 silwer-, en 24 bronsmedaljes) Baie dankie aan elke Wonnie vir julle deelname en mooi uitslae. Die Wonnie-atlete vertrek Vrydag, 28 Januarie, na die volgende byeenkoms te Brits. Baie sterkte. Ons glo in julle.

Baie geluk aan die volgende leerders met julle uitslae:



**EERSTE PLEKKE:** Keorapetse Masita - 1500m, Clayton Liebenberg - 400m, Warren Biggs — hoogspring, Tyron Jv Noordwyk—Gewigstoot, Eduan Kritzinger - 100m, 400m hekkies, Elden Potgieter Hoogspring, Seuns O16 aflos, Devin da Silva Diskus - Gewigstoot, Thinus du Plessis— 800m, 1500m, 3000m *NUWE REKORD, Justin Helena— 400m hekkies, Wian Louw— 100m, 200m, 400m- Seuns O19 aflos, Alicia Broodryk— 400m, Anuschka Clark— Gweigstoot, Diskus, Spiesgooi, Kaylie Groenewald— 300m hekkies, Kylie Botha— Diskus, Demi Gibson—Hoogspring, Meisies O16 aflos, Ninica van Heerden 400m hekkies, Kaylie van Wyngaard 100m, 200m, Verspring, Hoogspring, Chane Schoeman 100m, 200m, Tanel de Reuck Gewigstoot, Kay Maaga 100m hekkies, Tsona Maluleka Driesprong, Meisies O19 aflos, Katinka Strydom Verspring, Kyle Mauer—200m.



**TWEEDE PLEKKE:** Aiden Nell – Spiesgooi, Seuns O14 aflos, Christiaan Swanepoel - 400m, Carlo Schmahl – Spiesgooi, Nathan Fitchat – Verspring, Kyle Mauer - 110m hekkies, 200m, Dillan van Rooyen –Diskus, Dawie Breedt - Diskus, Nardus Jansen – Spiesgooi, Xavier Prinsloo - 400m hekkies, Thapelo Simangwe –Driesprong, Justin Helena – Spiesgooi, Romeo Paulin - 100m, Hanthys Venter - 400m hekkies, Alicia Broodryk- 800m, 1500m, Melissa Kidson Gewigstoot, Tayle Pucrell 90m hekkies, Meisies O14 aflos, Marcia-Leigh Buys 300m hekkies, Toanette Roux 400m, Dane Swanepoel Gewigstoot, Simone Bloemhof Hoogspring, Leane Pienaar 800m, 1500m, Kultwana Nkoane 100m hekkies, Michelle Peens Hoogspring, Meisies O17 aflos, Chane Schoeman Verspring, Jene Bezuidenhout Diskus, Dane Kemp Gewigstoot, Kay Maaga Verspring, Driesprong, Malebo Malebye 100m, 200m, 400m, Tsona Maluleka 100m hekkies, Jessica Scott Spiesgooi.

**DERDE PLEKKE:** Ethan Cotton Diskus, Darius van Loggerenberg 200m, Navan Jansen 800m, Marnus Lezar 200m, Eduan Kritzinger 800m, Kyle Mauer 100m, 400m, Xavier Prinsloo 110m hekkies, Thapelo Simangwe 400m, Verspring, Jason Smit 800m, Chane van der Merwe Spiesgooi, Kylie Botha Gewigstoot, Karlien Huart 400m, Marlie Jv Vuuren 1500m, Abinica Maritz 100m, Meisies O15 aflos, Toanette Roux 200m, 800m, Dane Swanepoel Diskus, Masego Seleka 100m hekkies, Hellen de Esclana 100m hekkies, Sonique Deysel Gewigstoot, Siska du Plessis 400m, Leane Pienaar 3000m, Melandri Pretorius Diskus, Spiesgooi, Gladness Makopa 400m hekkies.



# Theron`s Vleisprodukte

***die IN-PLEK vir die GELDSLIM verbruiker!***




**Hier kan jy nog `n braaibederfie, kosblik snoepgoed en benodighede vir gehalte etes aankoop teen GAWE pryse!**

**Ons vervaardig weense worsies, ham, polonie, ribbetjies en vele meer!**




**Besoek ons Winkel by 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes**

**Tel: 012 327 3200/2327/2483 WhatsApp: 076 537 1524**

**Aanlyn bestellings kan gedoen word by theronsvleisprodukte.co.za**

# KLASROOSTER

**U as ouer is seker bewus gemaak van die uitdagings rondom die skoolrooster.  Graag wil ons u meer inligting rondom hierdie aspek gee:**

Eerstens moes daar veranderinge rondom die rooster plaasvind.  Dit is genoodsaak deur die feit dat die tyd verskaf aan vakke soos Wiskunde en Afrikaans, soos voorgeskryf deur die KABV, nie korreleer het met tyd soos toegeken in die vorige rooster nie. Daar is dus na ‘n nuwe roosterprogram beweeg, wat dit moontlik maak om binne die voorgeskrewe tyd, vakkombinasies op te stel.

Tweedens, ten spyte van ‘n Graad 9-Inligtingsaand waar vakkeuses aan leerders verduidelik is, het soveel graad 10-leerders aan die begin van die jaar aangedui dat hul vakke wil verander, dat dit die skool gedwing het om skuiwe binne die rooster te maak.  ‘n Leerder wat van vakke verander, het ‘n invloed op die klasgrootte/kombinasie-grootte.  Die skool wil graag, sover as moontlik, elke leerder die geleentheid bied om sy/haar vakkeuses te volg, maar dit veroorsaak dat die beplanning van bv. 2 kombinasies verander na 3 (in ‘n vak) indien leerders skuif.  Enige ekstra kombinasies wat dan bygevoeg word, verander weer die personeellid se werksverdeling en dan die totale roosteruitleg.  Dit bly ‘n groot uitdaging om te verseker dat elke leerder sy/haar vakkeuses, sonder beperkings, kan doen.  Daar is skole waar vaste vakpakkette gebruik word, maar ons wil graag die Wonnies die keuse van ‘n wye vakpakket bied.

Ten slotte wil ons u as ouers vra om ons in die verband te ondersteun.  Ons skool bestaan tans uit 1094 leerders.  Elkeen van die leerders moet binne die rooster akkommodeer word. Juis daarom kan daar ook nie voldoen word aan verskuiwings vanaf sekere personeel na ander nie; dit het, soos hierbo verduidelik, ‘n enorme effek op die totale rooster.






# BLOU BUL WONNIE ONNIES



**WONDERBOOM FISIO & KONDISIONEERDER DEEL VAN BLOU BULLE RUGBY.**

Me. Alicia Bekker en Marné Loots, beide personeel van Die Hoërskool Wonderboom, is wéér aangestel as ondersteunende personeel van die Blou Bulle vroue-rugbyspan.




Alicia, ‘n gekwalifiseerde Fisioterapeut,   is reeds vanaf 2018 as die skool se amptelike fisio betrokke by Die  Hoërskool Wonderboom. Sy het ‘n groot passie vir sport en was vanaf 2015 betrokke by  Harlequins rugby voordat sy in 2019 by die Blou Bulle aangesluit het.



Marné voltooi haar graad in B.Sc Menslike Bewegingskunde en Fisiologie en is sedert Mei 2021 as kondisioneringsafrigter betrokke by Die Hoërskool Wonderboom. Sy het ‘n passie vir hokkie en is as spanbestuurder en skeidsregter betrokke by verskeie provinsiale hokkiespanne.

Marné is in 2021 aangestel as die S&C-afrigter (Strength and Conditioning) by die Blou Bulle Rugby Vroue Span (premier division). Die Hoërskool Wonderboom is trots dat kenners op hul gebied deel vorm van die Wonnie-span.

# WONNIES VERWELKOM



Wonderboom verwelkom **me. Adele Potgieter** wat tans in `n aflos-posisie waarneem in me. C Venter se plek. Me. Venter het tydens die interhuisatletiek `n besering opgedoen en sterk tans tuis aan. Ons wens haar vinnige beterskap toe.

# SWEMOEFENING

Die Wonnie-swemmers oefen vanaf volgende week in die aktiwiteitsperiode. Die swemmers vertrek om 13:00 vanaf die aantreeblad na die  Tjaart van Vuuren swembad.
Die leerlinge sal om 16:00 terug by die skool wees.

# WONDERBOOM KOOR

Die Wonderboom Skoolkoor het weer met alle ywer weggespring. Hulle begin die nuwe jaar deur spanbou te doen en van die nuwe leerders beter te leer ken. (Die koor werk aan kommunikasie en vertroue). Die Wonderboom Skoolkoor sien daarna uit om nog nuwe leerders by ons Wonnie-koorfamilie te verwelkom.






# E-SPORT

Die e-sport begin weer op Maandag, 31 Januarie, met die Rocket League-liga. Die liga strek tot einde September. Bepalings van VS gaming rondom skole e-sport word gevolg. Indien hierdie jou belangstelling prikkel, sluit aan by mnr. Smith in F20.





# LOURIERAAND

Die jaarlikse prestasieaand, die Lourieraand vind op **31 Januarie 2022 om 18:00 in die Wonderboomsaal** plaas. Besprekings kan by me. Pienaar in O38 gedoen word (teen R10 per persoon). **Kleredrag: Semi-formeel.** Ons doen `n beroep op ouers wat die funksie bywoon om by die voorgeskrewe kleredrag te hou.



# LIEFDADIGHEIDSPROJEK

As deel van ons liefdadigheidsprojek hou ons op Maandag, 31 Januarie, ‘n ‘Anything but a schoolbag’ dag. Ten einde te kan deelneem aan die pret, kan jy ‘n bydrae tot ons koskas maak. So het ons ‘n plesierige dag én sorg ons vir ons Wonniemaats wat hulp benodig. Leerders kan op 31 Januarie die onderstaande produkte skool toe bring. Enige ander produkte is egter ook welkom.




MNR. M LEZAR
HOOF